die sein uit te saai. Jy ontvang die sein deur 'n televisie-antenne en 'n dekokeerder te gebruik.

**14. Wat is 'n IDTV?**

Dit is 'n televisiestel met 'n ingeboude digitale insteller wat gebruik word om 'n digitale sein te ontvang. As jy oor 'n IDTV-stel beskik, het jy nie 'n eksterne dekodeerder nodig om die digitale sein te ontvang nie.

**15. Het ek drie dekodeerders nodig – een vir die SAUK, een vir e.tv en een vir M-Net?**

Nee, net een. Jou ST-kassie sal die digitale kanale van al die gelisensieerde Suid-Afrikaanse uitsaaiers opvang. Selfs as jy jou M-Net-intekening beëindig, sal jou dekodeerder steeds die digitale kanale van die SAUK en e.tv ontvang.

**16. Waar kan ek 'n slimkaart vir my dekodeerder koop?**

Jy kan nie 'n slimkaart vir jou dekodeerder koop nie. Dit is ingebou in die dekodeerder.

**17. Kan ek kanale voeg by die dekodeerder?**

Nee, die uitsaaiers voeg nuwe kanale by soos dit beskikbaar word.

**18. Kan ek na DTT kyk as ek slegs oor 'n satellietskottel beskik?**

Nee, jy moet 'n televisie-antenne laat installeer en 'n ST-kassie aan jou DStv-stelsel koppel as jy ook na DTT-programme wil kyk.

**19. As ek drie televisiestelle in die huis het, het ek dan drie ST-kassies nodig?**

Jy het net drie ST-kassies nodig as jy wil hê dat dié drie televisiestelle op dieselfde tyd verskillende kanale moet vertoon; anders sal een ST-kassie dieselfde program op meer televisies vertoon, mits die bedrading van die televisie-antenne reg is.

**20. Het ek 'n HD-televisiestel nodig vir die omskakeling na DTT?**

'n HD-televisiestel is nie 'n vereiste om na digitale uitsendings te kyk nie, maar as die programinhoud in HD opgeneem is, sal die gebruiker van HD-televisie die beelde en die detail helderder sien as wat ooit met analoë uitsendings moontlik was.

**21. Wat staan my te doen as my dekodeerder nie 'n goeie televisiebeeldgehalte bied nie?**

'n Moontlike oorsaak is 'n defekte televisie-antenne of -bedrading of seinopvangsprobleme soos 'n meerbaanfout. Skakel die Oproepsentrum by 0860 736-832 of per WhatsApp by 0600 625 458 vir bystand.

**Vir meer inligting, kontak:**
**Oproepsentrum: 0860 736 832**
**WhatsApp: 00600 625 458**

**Facebook: www.facebook.com/ GO DIGITAL ZA**
**Twitter: @GODIGITAL ZA**

# GODIGITAL SOUTH AFRICA

**Afrikaans**



**ALLES WAT JY MOET WEET OOR DIGITALE MIGRASIE**

communications & digital technologies
Department: Communications & Digital Technologies
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**ALLES WAT JY MOET WEET OOR DIGITALE MIGRASIE**

1. **Wat is digitale migrasie?**

   Dit is die wegbeweeg van 'n analoë na 'n digitale uitsending.

2. **Wat bedoel mense as hulle praat van "digitale migrasie" of "digitale omskakeling"?**

   Dit is die wegbeweeg van 'n analoë na 'n digitale televisie-uitsending.

3. **Wat is die verskil tussen digitale terrestriële (aardgebonde) televisie (DTT) en die "direk-na-huis (DTH)"- of satelliettelevisie?**

   DTT is digitale uitsending wat senders op die grond (aardgebonde digitale senders) gebruik om die sein na jou huis te versprei. DTH is digitale televisie wat satelliete gebruik om die sein na jou huis te versprei.

4. **Waarom moet analoë televisie in digitale televisie verander word?**

   Die regering het besluit om in ooreenstemming met ander lande en gevorderde tegnologiese ontwikkeling wêreldwyd van analoë televisie na digitale televisie te migreer.

   Die voordele van digitale televisie-uitsendings is onder meer die volgende:

   - 'n Uitstekende beeldgehalte.
   - 'n Helderder klank.
   - Meer kanale.
   - 'n Digital televisiegids wat maklik bygewerk kan word vir 'n akkurater programgids.
   - Interaktiewe dienste soos speletjies of die weerkanaal.
   - 'n Beeldgehalte wat nie verswak vanweë 'n swakker televisie-antennesein nie. Jou televisiebeeld is óf perfek óf jy het hoegenaamd geen beeld nie. Sneeuagtige beelde kan nie voorkom nie.
   - Dit maak die uitsending van hoëdefinisie (HD)-televisiebeelde moontlik (HD 1080).
   - Landwyd toegang tot radiostasies.

5. **Wat het ek nodig om na DTT om te skakel?**

   Jy het 'n dekodeerder, ook genoem 'n "steltopboks (STB)" [in Engels "set-top box (STB)"] of "ST-kassie" nodig. Dit is 'n toestel wat die digitale sein dekodeer sodat die kanale op jou televisiestel vertoon kan word.

6. **Wie kwalifiseer vir só 'n gesubsidieerde dekodeerder?**

   Die regering verskaf gesubsidieerde (gratis) dekodeerders aan vyf miljoen arm huishoudings wat reeds oor 'n televisie beskik.

   Die volgende groepe kan in aanmerking kom vir 'n subsidie:

   - Suid-Afrikaanse burgers wat oor 'n groen ID-boek of ID-slimkaart beskik.
   - Arm huishoudings wat R3500 of minder per maand verdien, wat oor 'n werkende televisiestel beskik.
   - Huishoudings wat reeds gedek word deur die SAUK se televisielisensie-konsessieskema.
   - Suid-Afrikaners wat in die grensstreekgebiede en in die Square Kilometre Array (SKA)-teleskoopgebied in die Noord-Kaap woon.

7. **Huishoudings wat meer as R3500 per maand verdien**

   Huishoudings wat meer as R3500 per maand verdien, moet hulle eie dekodeerders by 'n kleinhandelaar koop – DStv, OpenView of StarSat. Die staatsdekodeerders is nog nie op die mark beskikbaar nie.

8. **Het ek 'n nuwe dekodeerder nodig as ek reeds ingeteken is op DStv, OpenView of StarSat?**

   Jy het slegs 'n nuwe dekodeerder nodig as jy na die bykomende kanale wil kyk wat op DTT beskikbaar is. DStv, OpenView en StarSat is reeds in digitale formaat.

9. **Het ek 'n nuwe televisie-antenne nodig?**

   Sommige kykers het dalk 'n nuwe televisie-antenne nodig en in sommige gevalle sal dit dalk net nodig wees om die televisie-antenne te stel. Die behoefte aan 'n nuwe televisie-antenne of die stel van 'n antenne sal afhang van die sterkte van die DTT-sein in jou gebied. 'n Installeerder kan jou van raad dien.

10. **Moet ek 'n nuwe televisiestel koop om DTT te ontvang?**

    Nee, alle ou analoë televisiestelle sal DTT kan ontvang. Daar is wel televisiestelle op die mark beskikbaar wat digitale televisiekanale sonder 'n dekodeerder kan ontvang. Hierdie stelle staan bekend as geïntegreerde digitale televisies (IDTV's). Neem kennis dat televisies wat "digitaal-gereed" of "HD-gereed" is, wel 'n ST-kassie benodig om die digitale uitsendings te kan ontvang.

11. **Watter toerusting het ek dan nodig om digitale uitsendings te ontvang?**

    Wanneer Suid-Afrika na digitale uitsendings oorskakel, sal elkeen wat nou 'n televisie-antenne gebruik, ook 'n ST-kassie benodig om die digitale sein te dekodeer. Sonder 'n ST-kassie (soortgelyk aan die M-Net-dekodeerder) kan jou televisie nie die digitale beeld vertoon nie.

12. **Moet ek elke maand vir intekening betaal soos vir DStv?**

    Dit is gratis vir diegene wat vir 'n gesubsidieerde ST-kassie kwalifiseer. Diegene wat nie vir 'n gratis dekodeerder kwalifiseer nie, moet by hul voorkeurdiensverskaffer (DStv, OpenView of StarSat) vir die diens betaal. Elkeen moet egter steeds sy of haar televisielisensie betaal soos deur die wet vereis.

13. **Wat is die verskil tussen DTT en satelliettelevisie?**

    Eenvoudig gestel is dit verskillende maniere van uitsending van 'n sein. Satelliettelevisie saai van 'n satelliet in die ruimte uit en jy ontvang die sein via 'n satellietskottel wat by jou huis geïnstalleer word. DTT gebruik senders op die grond (aardgebonde senders) om